

Die Rustelose Profeet



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Studie: *Jona 1-4, Jer. 25:5, Eseg. 14:6, Op. 2:5, Luk. 9:51-56 en Judas 1-25.*

Geheeteks: “Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, ’n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?” (*Jona 4:11, NKJV*).

Een van die interessantste bybelverhale is seker dié van Jona. Hier is ’n profeet van die Here, iemand wat deur Hom geroep is, en tog probeer Hy sy roeping ontvlug. Nadat hy op ’n dramatiese wyse tot beter insigte gebring word en hy besluit om God se boodskap aan die inwoners van Nineve te bring, is hy skielik ontevrede. Hoe so? Want die inwoners bekeer hulle na aanleiding van sy profetiese woord, en spring so die vernietiging vry wat hulle andersins te beurt sou val!

Hier het ons die toonbeeld van ’n rustelose persoon, soveel so dat hy in ’n stadium uit pure radeloosheid uitroep: “Laat ek nou maar sterf, Here, want dit is vir my beter om te sterf as om te lewe” (*Jona 4:3, NAB*).

Jesus Self verwys ook na die verhaal van Jona, en sê: “Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona!” (*Matt. 12:41, NAB*). “Groter as Jona” was en is Hy gewis! Andersins kan Hy nie ons Verlosser wees nie.

Vandeeweek kyk ons na Jona. Kom ons kyk wat ons uit sy rusteloosheid en gebrek aan innerlike vrede kan leer.

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 18e September.*

Op Die Vlug

Jona was 'n ongelooflike suksesvolle sendeling. Tog was hy vreeslik onwillig, wel ten minste reg aan die begin. Ons weet nie waarmee hy besig was toe die Here hom geroep het nie, maar duidelik was dit vir Jona 'n hindernis. In plaas daarvan om sy plig te aanvaar, en self te sien hoedat God se juk sag en sy las lig is (*Matt. 11:30*), besluit Jona om sy eie "rus" te vind – deur in presies die teenoorgestelde rigting te vlug as waarheen God hom geroep het.

Waar het Jona gehoop om rus en vrede van God se roeping te vind? Het dit toe gewerk? Lees Jona 1.

Jona vertrek en reis in die teenoorgestelde rigting as waarheen God hom geroep het. Hy stop nie eers om te praat met die Here soos baie van die ander bybelprofete wat deur die Here as boodskappers geroep is, gemaak het nie (*lees byv. Eks. 4:13*).

Interessant genoeg is dit nie die eerste keer dat Jona geroep is om namens die Here te praat nie, soos dit blyk uit 2 Konings 14:25. In daardie geval het Jona klaarblyklik gedoen soos die Here hom aangesê het; maar hier aan die begin van die boek Jona, doen hy nie wat God vra nie.

Hoekom?

Historiese en argeologiese bronne toon dat die Nieu-Assiriese heersers wat die Ou Nabye Ooste gedurende die agste eeu v.C. oorheers het, besonder wreed was. Dit was in dié tyd dat Jona sy bediening in Israel gehad het. Ongeveer 75 jaar later het die Nieu-Assiriese koning, Sanherib, vir Juda aangeval. Dieselfde lot het Israel en Samaria reeds 20 jaar tevore te beurt geval, met die gevolg dat koning Hiskia hom klaarblyklik by 'n plaaslike anti-Assiriese koalisie geskaar het.

So besluit die Assiriërs toe om met Juda af te reken. Die Bybel (*in 2 Kon. 18 en Jes. 36*), Assiriese tekste, asook die muurreliëfs in Sanherib se paleis in Nineve vertel van die wreedhede wat die inwoners van Lagis oorgekom het. Lagis was natuurlik 'n grensstad in die suide van Juda, en ook een van Hiskia se mees belangrike en goedbeskermdede vestingstede. In een van die inskripsies sê Sanherib dat hy oor die 200,000 Judeërs gevange geneem het, ballinge wat hy na bewering uit die 46 vestingstede wat hy verwoes het, geneem het. Toe dié Assiriese koning Lagis ingeneem het, is honderde (of moontlik duisende) gevangenes deurboor. Hiskia se mees lojale volgelingen se velle is lewendig afgetrek, en die res van die ballinge is as dwangarbeiders Assirië toe gevoer.

Die Assiriërs was somtyds ongelooflik wreed, selfs gemeet aan die res van die antieke wêreld – en hier in die boek Jona stuur die Here die profeet na die hartjie van daardie wrede ryk?

Is dit enigsins verbasend dat Jona nie wou gaan nie?

Om van die Here af weg te vlug – het jy dit al ooit probeer doen? Indien wel, het dit gewerk? Watter lesse behoort 'n mens uit so 'n fout te leer?

Drie Dae van Rus

Jona se pogings om die Here te ontvlug, het nie vlot verloop nie. Sy “rus” was van korte duur. Die Here gryp in, met ’n storm ter see. Jona word egter gespaar van ’n watergraf omdat die Here ’n vis stuur om die profeet in te sluk.

Dit is egter eers wanneer Jona geforseer word om tot stilstand te kom en drie dae lank in die groot vis te rus, dat hy besef hoe geweldig afhanklik hy van die Here is. Soms moet ’n mens eers by ’n punt gebring word waar jy nie kan steun op enigiets wat hierdie ou wêreld die mens bied nie, voor jy besef dat Jesus die een is na wie ’n mens werklikwaar smag.

Lees Jona se gebed in die binne-in die vis (lees Jona 2:1-9). Waaroor bid hy hier?

Hoewel hy hom in die dieptes bevind en in groot gevaar verkeer het, bid Jona hier oor die tempel. “In u heilige tempel,” sê Jona, het hy die Here gesien (*NAB*).

Wat gaan hier aan?

Die tempel vorm die middelpunt van die profeet se gebed, en behoort die fokus van alle gebede te wees. Daar is slegs een plek in die Ou Testament waar God te vinde is: reg in sy tempel/tabernakel (*lees Eks. 15:17, Eks. 25:8*). Dit is dus die spilpunt waarom ons gebede en ons gemeenskap met die Here behoort te draai.

Tog verwys Jona nie na die tempel in Jerusalem nie. Nee, hy praat hier van die hemelse tabernakel (*Jona 2:7*). Dit is waar die profeet se enigste ware hoop is, want dit is waar die Here en die verlossing wat Hy ons bied in werklikheid vandaan kom.

Jona verstaan uiteindelik hierdie belangrikheid. Hy het die Here se genade eerstehands ervaar. Hy is immers gered. Toe die vis hom uitspoeg, dring dit tot hom deur: God het my, ’n drostende profeet, lief! Hy het gewis geleer (selfs al was dit met ’n ompad) dat die enigste veilige opsie vir die gelowige is om by God se wil te hou.

So besluit Jona toe uiteindelik om sy plig as profeet na te kom en God se oordeel aan die mense van Nineve te bring. Hy val in die pad – sonder twyfel, met geloof dié keer – en rig sy skrede na daardie geweldige bese stad wie se inwoners dalk eksepsie gaan neem dat ’n buitelandse profeet vir hulle kom vertel hoe boos hulle in werklikheid is.

Soms maak ’n mens net ’n wegbreek om weer perspektief te kry. Die verhaal van Jona wat op ’n wonderbaarlike binne-in die vis oorleef het, is natuurlik ’n besonder buitengewone wonderwerk. Hoe dit ook al sy, om die omstandighede waaraan ’n mens gewoon is te verlaat, stel jou in staat om daardie omstandighede vanuit ’n nuwe invalshoek te beskou en weer perspektief te kry. Hoe so?

'n Voltooide Sending

In vergeleke met die ander stede en dorpe in Israel, was Nineve massief. Dit “was ’n baie groot stad: ’n mens het drie dae gevat om dit deur te stap” (*Jona 3:3, NAB*).

Lees Jona 3:1-10. Hoe reageer hierdie bese stad toe? Watter lesse kan ons as individuele gelowiges hieruit put aangaande ons pogings om vir Jesus te getuig?

Terwyl Jona deur Nineve gaan, verkondig hy die boodskap wat God hom gegee het: “Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!” (*Jon. 3:4, NAB*). Die Here draai duidelik nie doekies om nie. Hoewel die presiese besonderhede nie verskaf word nie, het hierdie waarskuwing duidelik nie op dowe ore geval nie, aangesien die mense van Nineve (almal tesame!) besluit het om dit ter harte te neem.

Eie aan die Ou Nabye Oosterse manier van doen, vaardig die koning van Nineve ’n dekreet uit om hierdie hartsverandering openbaar te maak. Almal – insluitende die diere – moet vas en rou. (Hoe diere veronderstel is om te rou, oor dié wy die teks nie uit nie). Die koning verlaat ook sy troon, en gaan sit in sak en as; ’n handeling met ongelooflike simboliese waarde.

Lees Jona 3:6-9. Vergelyk dit met Jeremia 25:5, Esegïel 14:6 en Openbaring 2:5. Watter elemente bespeur ’n mens in die koning se toespraak wat toon dat hy verstaan wat ware berou en bekering is?

Die koning se woorde was kort en kragtig, op die man en vrou af, maar nietemin toon dit ’n teologies-korrekte begrip oor ware berou en bekering. Toe Jona gepreek het, het die Heilige Gees seker op ’n kragtige wyse in die harte van dié stad se inwoners gewerk.

Die mense van Nineve was nie so bevoorreg om al die verhale oor God se tedere leiding aan te hoor, soos die Israëliete nie. Tog het die inwoners positief op die influisterende Gees gereageer. Deur hul optrede kom hul oortuigings en beweegredes aan die lig: kom ons beroep ons op God se genade, en nie op ons prestasies nie, kom ons maak geheel en al op sy goedheid en barmhartigheid staat.

As iemand wat die genade van die Here eerstehands beleef het, beskou Jona nietemin daardie genade as iets uiters eksklusief. Dit slaan ’n mens dronk. Hy meen dat die rus wat daaruit spruit net sekere mense beskore is.

Hoekom is berou en bekering so ’n noodsaaklike deel van ’n mens se Christelike wandel? Wat beteken dit om jou daadwerklik van jou sondes te bekeer, veral daardie wat ’n mens so aanhoudend doen?

'n Ontstoke, Rustelose Sendeling

Ongelukkig eindig Jona se verhaal nie by hoofstuk 3 nie.

Lees Jona 4:1-11. Wat is Jona se probleem? Watter lesse kan 'n mens uit sy karaktergebreke leer?

Hoofstuk 4 begin met Jona wat woedend is vir God omdat sy uitreikwerk so suksesvol was. Die profeet is bekommerd dat andere hom as 'n swaap sal sien (want die geprofeteerde verwoesting van Nineve gaan nou nie meer gebeur nie, siende dat die mense hulle bekeer het). Tog sien 'n mens hoe die Here die moeite doen om in gesprek met Jona te tree, om die saak uit te praat, en dit met 'n profeet wat soos 'n nukkerige kleutertjie optree.

Hier het ons 'n bewys dat die Here se ware volgelinge – wat selfs profete insluit – soms spasie vir geestelike groei het, nog oorwinnings het om te behaal.

“Toe Jona hoor dat God, ten spyte van Nineve se groot boosheid, besluit het om die stad te spaar; dat die mense tot inkeer gekom, en hulle in sak en as bekeer het; moes hy die eerste gewees het om hom oor God se wonderbare genade te verheug. Tog gee hy hom aan kommer oor: wat as die mense my as 'n vals profeet begin sien? Sy reputasie, dié wou hy beskerm. Dat die mense in daardie ellendige stad oneindig meer waarde as sy reputasie gehad het, het hy uit die oog verloor” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 271).

Die Here toon ongelooflike geduld hier met sy profeet. Hy is vasbeslote om Jona te gebruik. Toe die profeet probeer vlug, stuur die Here 'n storm en 'n vis om die drostende Jona terug te bring. Hier sien 'n mens dit weer, met die kwasterige Jona met wie God in gesprek tree in 'n poging om hom tot beter insigte te bring. Die Here knoop daardie gesprek aan deur te vra: “Het jy rede om vertoorn te wees?” (*Jona 4:4, OAB*).

Lees Lukas 9:51-56. Hoe stem hierdie verhaal tot 'n mate ooreen met dié van Jona?

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (*Joh. 3:16, OAB*) of, soos die Here dit in Jona 4 vers 11 stel: “Nineve het meer as 120 000 mense wat nie weet wat reg of verkeerd is nie en ook baie diere. Sal Ek dan nie medelye hê oor die groot stad Nineve nie?” (*NLV*). Hoe dankbaar behoort ons net nie te wees nie dat God al een is wat die reg het om te bepaal wat elkeen se oortuiging en beweegredes is, en nie die mens nie.

Hoe kan ons leer om die tipe medelye en geduld met ander te hê wat God het – of ten minste, hoe om daardie soort medelye en geduld te weerspieël?

'n Tweerigtingstraat

Jona skep klaarblyklik meer probleme as wat hy oplos. Nineve was weliswaar 'n gevaarlike plek, tog is dit nie die stad se inwoners wat hier die probleem is nie. Hulle verstaan Jona se boodskap en kom in 'n ommesientjie tot bekering. Daarenteen is Jona die vlieg in die salf.

In hierdie verhaal sit God die onwillige profeet agterna. Hy weet dat Jona hierdie sendingreis na Nineve net so broodnodig het as wat die mense van Nineve behoefte aan Jona se prediking het.

Lees die boekie Judas. In vers 21 sê dit: “Maar julle, geliefdes, moet... julleself in die liefde van God bewaar” (OAB). Wat beteken dit?

In hierdie kort Nuwe-Testamentiese boekie skryf Judas in vers 21: “Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee” (NAB).

Om die liefde en genade van God eerstehands te ervaar, is nie 'n eenmalige gebeurtenis vir die gelowige nie. Een manier om te verseker dat 'n mens “in die liefde van God [te] bewaar,” is om na ander uit te reik. In die daaropvolgende verse sê Judas dat ons ons oor ander moet “ontferm” en hulle moet “red deur hulle uit die vuur te ruk” (NAB).

Lees Judas 20-23. Hoe hou dit wat Judas hier skryf, verband met die verhaal van Jona? Wat sê dit ook vir die leser?

Die Here het Jona geroep om na Nineve te gaan omdat die profeet, voor hierdie spesifieke oproep, waarskynlik nie veel aandag aan sy verhouding met die Assiriërs geskenk het nie. Dat hy 'n afkeur in hulle gehad het, is waarskynlik al waarvan hy bewus was. Tog het hy glad nie besef dat hy hulle in werklikheid haat nie, ook nie dat hy verregaande pogings sou aanwend om hulle te vermy nie – en boonop nadat hy sy sending ontvang het. Jona was nie gereed om 'n inwoner van Nineve as bure in die hemel te hê nie. Die profeet het nog nie geleer om lief te hê soos die Here liefhet nie. So roep die Here toe vir Jona om na Nineve te gaan omdat God daardie mense liefhet en wil hê dat hulle deel van sy koninkryk moet wees. Die Here roep egter ook vir Jona omdat Hy hom liefhet. Sy begeerte is dat die profeet innerlik sal groei, meer soos Hy sal raak namate hulle saam werk. Die Here begeer dat Jona ware rus sal vind, 'n rus wat slegs kom deur 'n reddende verhouding met Hom te hê en deur sy wil te doen; en dit sluit uitreik na andere in, om hulle te stuur in die rigting van die geloof en hoop wat ons ook ontdek het.

Hoeveel tyd bestee jy aan uitreikwerk? Hoe lei hierdie soort werk 'n mens om geestelik-gesproke ware rus in Jesus te vind?

Stof tot Nadenke: “Hierdie opdrag wat Jona ontvang het, was ’n groot verantwoordelikheid. Die Een wat hom gestuur het, was egter in staat om sy dienskneg deur te dra en hom sukses te gee. As die profeet die Here daar en dan gehoorsaam het, sonder enige teestribbeling, sou dit Jona baie onaangename ervarings gespaar het, en sou hy God se rykste seëninge ervaar het. Nietemin het die Here nie vir Jona aan wanhoop oorgelaat nie. Deur ’n reeks beproewinge en vreemde ingrypings, is die profeet se vertroue in God en in sy oneindige reddende mag herstel” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 266).

“Derduisende kan op die eenvoudigste maniere en met die mees beskeie metodes bereik word. Die mees intellektuele persone, diegene wat as die wêreld se mees begaafde mans en vroue gevier word, word dikwels deur die eenvoudige woorde van een wat die Here liefhet, verkwik; deur die woorde van iemand wat met dieselfde gemak as wat die wêreldling oor sy/haar diepste belangstellings praat, oor die liefde van Jesus kan praat” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 232).

Besprekingspunte:

- ① ’n “Profeet van die Here” wat ontsteld is omdat die mense na wie hy gestuur is God se verlossing aanvaar het? Hoe verstaan ’n mens Jona se houding hier? Wat ’n kragtige voorbeeld van God se grote geduld met sy kinders, selfs wanneer hulle optrede nie strook met die lig wat hulle ontvang het nie!
- ② Jona se verhaal sê vir ’n mens dat die Here Hom nie net besig hou met die redding van persone wat nog nie die waarheid gevind het nie, maar ook met die transformering van dié wat reeds in Hom glo. Hoe kan ’n mens ’n “ander hart” ontvang en hoe kan ’n “nuwe gees” by ’n mens posvat, selfs al ken jy alreeds die Here asook die teenswoordige waarheid? ’n Mens kan die waarheid ken, maar dit kan jou ook transformeer. Hoe verskil dié twee dinge van mekaar?
- ③ Lees weer Judas. Wat is die kernboodskap van hierdie bybelboek en hoekom is dit steeds relevant vir die hedendaagse kerk?
- ④ Om jou vir die verlossing van ander te beywer, is ’n ware belewenis. Hoe is dit dat hierdie belewenis so ’n goeie uitwerking op ’n mens het?
- ⑤ Ten spyte van die goeie redes wat Jona gehad het – of wat hy na sy mening gehad het – om nie na Nineve te gaan nie, het die Here hom gewys hoe verkeerd hy in werklikheid was. Watter houding het ons dalk teenoor andere wat dieselfde verkeerde houding as Jona weerspieël?